No 9 - 2025] SECOND SESSION, SEVENTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 22 MAY 2025

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**EXECUTIVE STATEMENT**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Mr F Kamfer: Addressing the systemic neglect and abuse in elderly care facilities: A call for urgent reforms to protect vulnerable seniors in the Western Cape.

**ORDER OF THE DAY**

Consideration and finalisation of Western Cape Public Library Services Bill [B 1–2025] (Minister of Cultural Affairs and Sport).

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(22 May 2025)***

1. Mr N P Masipa: That the House debates the economic benefits of investing in women's health, with specific reference to the report handed to the Speaker by the Parliamentary Network on Health.

2. Mr D W Bryant: That the House debates the issue of hung municipalities in the Western Cape and the impact this has had on the delivery of basic services.

3. Mr F Kamfer: That the House debates the importance of Africa Month in fostering unity, cultural exchange and economic cooperation between South Africa, the Western Cape and the broader African continent, while advancing progressive measures to regularise the

status of undocumented migrants, to combat xenophobia and to recognise fully the contributions of African migrants to the social and economic development of the province.

4. Ms A P Bans: That the House debates the urgent need for the Western Cape Government to implement comprehensive winter readiness plans, including expanded shelter access, disaster relief for informal settlements and measures to protect vulnerable residents from extreme weather conditions.

5. Ms N D Nkondlo: That the House debates the persistent economic inequalities in the Western Cape where growth and employment opportunities remain skewed towards white-owned businesses, and the need for targeted interventions to support black and coloured entrepreneurs.

6. Mr M K Sayed: That the House debates the potential repercussions of US foreign policy shifts, including President Trump's executive orders, the current geopolitical tensions on trade, investment and tourism in the Western Cape, and strategies to mitigate any negative effects.

7. Mr B Ngqentsu: That the House debates the challenges of the current public transport system, particularly the minibus taxi industry, rail and bus services and the need for urgent interventions to ensure affordable, reliable and safe commuting options for working-class residents.

8. Ms R Windvogel: That the House debates the escalating crisis of gender-based violence in the province and the need for increased funding for shelters, legal aid and community-based prevention programmes.

9. Ms P Z Lekker: That the House debates the slow pace of land redistribution and housing delivery in the Western Cape, which continue to marginalise black and coloured communities, and the need for accelerated and equitable urban development policies.

10. Ms B Stoffel: That the House debates the persistent failure of the current energy policies to ensure equitable and affordable electricity access for the people of the Western Cape, particularly the most marginalised, including informal settlement dwellers who remain excluded from the grid and rural farmworkers burdened by unaffordable and unreliable power.

**NOTICE OF MOTION** ***(20 May 2025)***

1. Mr D G Jacobs: That the House congratulates the Sevens Springbok team that won the World Championship Sevens Rugby; notes that this team, which showed grit and tenacity, was made up of mostly coloured players, and that the world could see coloured children showing their skills; further notes that, across the Western Cape, there are many Blits Boks and other national sport stars walking the streets and not knowing where their next meal will come from; notes that opportunities are denied to them, because they are "coloured"; and therefore salutes those young ones who have risen above their situation and have shown the world they are proudly coloured.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 8); Ms A P Bans (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms B Stoffel (p 8); Ms P Z Lekker (p 8); Mr G Brinkhuis (p 10); Mr D G Jacobs (p 10); Ms N Mbombo (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Ms W F Kaizer-Philander (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms A P Bans (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms A Cassiem (p 11).

No 9 - 2025] Tweede Sessie, Sewende Parlement

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==============

# ORDELYS

==============

DONDERDAG, 22 MEI 2025

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**UITVOERENDE VERKLARING**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Mnr F Kamfer: Die skenk van aandag aan die sistemiese verwaarlosing en mishandeling by versorgingsfasiliteite vir bejaardes: ʼn Beroep om dringende hervormings om weerlose senior burgers in die Wes-Kaap te beskerm.

**DAGORDER**

Oorweging en finalisering van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste [W 1–2025] (Minister van Kultuursake en Sport).

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING *(22 Mei 2025)***

1. Mnr N P Masipa: Dat die Huis die ekonomiese voordele van belegging in vrouegesondheid debatteer, spesifiek met verwysing na die verslag wat deur die Parlementêre Netwerk oor Gesondheid aan die Speaker oorhandig is.

2. Mnr D W Bryant: Dat die Huis die kwessie van munisipaliteite in die Wes-Kaap waarin geen party ʼn volstrekte meerderheid het nie, en die impak wat dit op die lewering van basiese dienste gehad het, debatteer.

3. Mnr F Kamfer: Dat die Huis die belangrikheid debatteer van Afrikamaand om eenheid, kulturele uitruiling en ekonomiese samewerking tussen Suid-Afrika, die Wes-Kaap en die

groter Afrika-vasteland aan te moedig terwyl progressiewe maatreëls bevorder word om die status van ongedokumenteerde immigrante te regulariseer om xenofobie te bekamp en om ten volle erkenning te gee aan die bydrae van Afrika-immigrante tot die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die provinsie.

4. Me A P Bans: Dat die Huis die dringende behoefte debatteer dat die Wes-Kaapse Regering omvattende wintergereedheidsplanne implementeer, insluitende uitgebreide toegang tot skuilings, rampverligting vir informele nedersettings en maatreëls om weerlose inwoners teen uiterste weerstoestande te beskerm.

5. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die volgehoue ekonomiese ongelykhede in die Wes-Kaap debatteer waar groei en werkgeleenthede steeds sakeondernemings met wit eienaars bevoordeel en die behoefte aan geteikende ingrypings bestaan om swart en bruin entrepreneurs te steun.

6. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die moontlike gevolge van die VSA se veranderinge in buitelandse beleid debatteer, insluitende President Trump se uitvoerende opdragte, die huidige geopolitieke spanning oor handel, belegging en toerisme in die Wes-Kaap en strategieë om enige negatiewe uitwerkings te verminder.

7. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis die uitdagings van die huidige openbarevervoerstelsel debatteer, veral die minibustaxibedryf, spoor- en busdienste en die behoefte aan dringende ingrypings om bekostigbare, betroubare en veilige pendelopsies vir werkersklasinwoners te verseker.

8. Me R Windvogel: Dat die Huis die stygende krisis van geslagsgebaseerde geweld in die provinsie debatteer en die behoefte aan meer befondsing vir skuilings, regshulp en gemeenskapsgebaseerde voorkomingsprogramme.

9. Me P Z Lekker: Dat die Huis die stadige vordering met grondherverdeling en die lewering van huise in die Wes-Kaap debatteer wat swart en bruin gemeenskappe steeds marginaliseer, en die behoefte aan bespoedigde en billike beleide oor stedelike ontwikkeling.

10. Me B Stoffel: Dat die Huis die volgehoue versuim van die huidige energiebeleide om toe te sien dat daar billike en bekostigbare toegang tot elektrisiteit vir die Wes-Kaap se mense is, debatteer, veral vir die mees gemarginaliseerdes, insluitende inwoners in informele nedersettings wat steeds by die netwerk uitgesluit word, en plattelandse plaaswerkers wat onder onbekostigbare en onbetroubare krag gebuk gaan.

**VOORSTEL MET KENNISGEWING *(20 Mei 2025)***

1. Mnr D G Jacobs: Dat die Huis die Sewes-Springbokspan gelukwens wat die Sewesrugbywêreldkampioenskap gewen het; kennis neem dat hierdie span, wat vasberadenheid en volharding getoon het, meestal uit bruin spelers bestaan het, en dat die wêreld kon aanskou hoe bruin kinders hul vaardigheid toon; verder kennis neem dat daar in die Wes-Kaap baie Blitsbokke en ander nasionale sportsterre op straat is wat nie weet waar hul volgende maaltyd vandaan gaan kom nie; kennis neem dat hulle van geleenthede ontneem word omdat hulle "bruin" is; en dus daardie jongmense salueer wat uit hul omstandighede gestyg het en die aan wêreld gewys het dat hulle trotse bruinmense is.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 8); Me A P Bans (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me B Stoffel (bl 8); Me P Z Lekker (bl 8); Mnr G Brinkhuis (bl 10); Mnr D G Jacobs (bl 10); Me N Mbombo (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Me W F Kaizer-Philander (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me A Cassiem (bl 11).